# SPORE

September 2016

Jaartal 10 Uitgawe 2

Uitgegee deur SAWA Luiperds



**Redaksie:**
***Redaktriese***
Maryke Storm
***Medewerkers***
*Senior Burgers*
Phillip Opperman
*Diere rubriek*
Francois Storm
*Jeug*
Lizinda de Kock

**Pitkos** *2*
**Redaksionele** *2*
**Humor** *2*
**Dagsê Luiperds** *3*
**Dagsê Sawanant** *3*
**Diere rubriek** *4*
**Tegnies** *5*
**Tiener hoekie** *5*
**Welpieklub** *6*
**Luiperd Ou-baarde** *7*
**Kampnuus**
- Wildtuin—Berg & Dal *8*
- Badplaas *11*
- Drakensberge toer *13*
- Bloekompoort AJV *16*

**Algemene Inligting**
- Voorlopige besprekings *19*
- Vir die Boskok *19*
- Lief & Leed *20*
- Spoghoekie *20*
- Voorraadbeampte *21*
- Verjaarsdae *22*
- Huweliksherdenkings *22*
- Bankbesonderhede *22*
- Voogde met hul lede *23*
- Bestuur kontakinligting *23*

**Voorblad**
Welpies
Fotograaf : André Swanepoel
Plek: Dragons Peak
Iphone

# Pitkos



## Om 60 te word

Om hierdie mylpaal te bereik word gemeet volgens die skaal wat die mens gemaak het en is niks anders as 'n lesing nie, soos 'n water lesing. Dit kan net aangaan en aangaan. Dit kan nie weer op nul gesit word nie. Net na geboorte begin die meter loop. Sommiges se meter loop net 'n paar ure, dae of jare en ander s'n gaan net aan en aan. Wat 'n voorreg!

Om vir meer as 3 dekades saam met jou te wees, nadat jy reeds byna vir 3 dekades jou pad begin stap het, laat dit 'n voetspoor op jou lewe nes daardie stofpaadjies op die plaas en die kronkel paadjie bly daar solank mense dit gebruik. Dit is nie 'n reguit pad nie. Op sommige plekke is dit smal, ander plekke weer breed, sommige plekke droog, ander plekke lekker warm en groen, maar wanneer dit nie meer gebruik word nie, dan begin die gras dit toegroei.

Hierdie lewenspad word geloop, elke dag, in die reën, koue en ook onder die sonlig. Jou verstand mag dalk vir jou sê dat die paadjie te lank word, maar die verstand kan nie om die draai sien dat die paadjie nog dieper die lewe inloop nie, die Godgegewe pad wat net Hy ken en jou toelaat om te loop. Langs die pad word saad gesaai nes boom sade en dit groei en vermeerder. Die bome is kinders, liefde, talente, aansporing, mense en nog baie meer, maar veral ek en die kinders wat met soveel liefde vertroetel word en ook soms gesnoei moet word. Maar, die pad is nie 'n vlakte pad nie soos op die plaas nie, dit kronkel uit na 'n heuwel waarvan die bopunt deur God geskep is.

Wanneer jy terugdraai en kyk, sien jy die oes van die sade en die vrug van die sade en die wonder is wie almal op jou pad jou agtervolg. Jou man, jou kinders, jou vriende, die gemeenskap en die res is vrugte van die Gees wat elke tree saam met jou loop. Gawes wat die Here vir jou gegee het waarvan jy nog nie alles ontdek het nie. Daar is klippe op die pad en onder die klippe is daar of niks, of verrassings. Op jou pad het ek al geleer dat jy die klippe optel en dit as versierings gebruik.

Wat uniek is, is dat jy die pad uitgelê het, dit is jou pad. Niemand anders s'n nie. Ek is 'n gas op die pad en wil dit ook nie anders hê nie, maar ek weet ek is 'n uitgenooide gas. Daar is so baie plekke op die pad wat ek nie kan onthou dat ek dit gestap het nie, maar weet dat dit die plekke was wat jy my geabba het, vasgedraai in 'n kombers nes die Sotho vroue hulle babas op die rug veilig en styf met 'n wolkombers toedraai.

Dit pad se einde ken niemand nie, behalwe Hy wat jou op die pad gesit het. Moet nooit wonder wanneer die pad ophou nie, want dit vat die opwinding weg. Maar ons wat saam met jou die pad geloop het as uitgenooide gaste, staan ook soms stil en kyk terug en kan nie anders as om in verwondering te staan oor die pad wat jy uitgekap en versier het nie.

Geniet die dag, elke oomblik daarvan en mag dit ook die eerste dan van die res van jou lewe wees.

# Redaksionele Kommentaar



Luiperds.

Ek voel partydae soos die prentjie hierbo. Nie te min, ons hou kop en gaan voort. Nog 'n seisoen is verby en 'n AJV wat vlot verloop het. Dankie almal. Luiperds ek vra asseblief weer julle samewerking, enige brokkie inligting/ nuus/skindernuus asseblief stuur dit. Sonder sulke inligting kan ek nie die Spore interessant maak nie.

Vir die wat wel stuur en help, baie dankie. Moet asseblief nie ophou nie. Onthou

Groete
Maryke Storm



# Humor

Ek trek na my ma toe
Vrou is besig om haar klere te pak.
Man: "Waarheen gaan jy?"
Vrou: "Ek trek na my ma toe."
Man begin ook pak.
Vrou: "Waarheen dink jy gaan jy?"
Man: "Ek trek ook na my ma toe."
Vrou: "Nou wat van die kinders?"

Man: "As jy na jou ma toe trek en ek trek na my ma toe, dan moet hulle seker ook maar na hul ma toe trek."

## Dagsê Luiperds...

Dit is alweer daai tyd van die jaar! Die bome begin bot en die lente is in die lug. Die bome se blare begin uitkom en die dae raak warmer wat beteken die somer is al amper hier. Dis seker die mooiste tyd van die jaar waar die winter nou begin plek maak vir die lente. Die somer kampe gaan nou afskop en ons hoop om julle in groot getalle te sien.

Die Wildtuin kamp te Berg & Dal is ook baie goed bygewoon en altesaam sewe Luiperd gesinne en een gesin van Suid-Oos het die kamp bygewoon. Soos gewoonlik was ons weereens baie gelukkig en het al die groot vyf binne die eerste twee dae te kon sien. Badplaas bly dan ook maar 'n gewilde kamp onder die Luiperds en was dan ook goed bygewoon. Aan almal wat die kampe meegemaak het en bygedra het om dit suksesvol te maak, baie dankie.

Die afgelope AJV het baie goed afgeloop en is baie goed bygewoon. 13 Gesinne het die kamp mee gemaak en glo my, ons het weer lekker gekuier. Die bestuur het ietwat verander. Die nuwe bestuur is dan as volg. Peet Venter (Voorsitter), Francois Storm (Ondervoorsitter), Vinkie Swanepoel (Tesourier), Maryke Storm (Sekretaris). Adisionele lede: Lizinda de Kock, Johan Opperman, Chris Labuschagne, Maré Lourens. Baie geluk aan die verkose bestuurslede, ek sien uit daarna om met die span te werk. Aan die lede wat gaan rus, baie dankie vir julle harde werk en geniet die blaas kans. Ons gaan verseker weer op julle knoppies druk. Ek wil ook graag elkeen wat die moeite gedoen het om te kom kamp bedank vir die positiewe gees en gesindheid waarmee daar gekamp is.

Die nuwe jaarprogram is opgestel en sal eersdaags aan almal versprei word. Die laaste drie kampe vir die huidige jaar is September die Nasionale kamp te Koppisol, Oktober is dit Badplaas en November is dit ons kerskamp te Bloekompoort en ons hoop om almal daar te sien, aangesien dit beloof om 'n lekker kamp vol verrassings te wees.

Die gebiedstoer was ook 'n groot sukses en daar het altesaam sewe Sawa gesinne die toer mee gemaak met een gas. Daar was baie pret en ek glo almal wat die toer mee gemaak het sal dit eens weet dat dit baie geslaagd was. Welgedaan Lance!!

Ek het myself beskikbaar gestel om te kyk wat ons kan doen om meer in gebieds verband saam te kamp en sodoende ons getalle op te bring wat ons 'n groterbedingins mag te bied met die onderhandelinge by oorde.

Ek wil graag ook 'n beroep doen aan al ons Senior Burgers om tog betrokke te raak en die kampe wat gereël word by te woon. Glo my dit is groot pret en die ou baarde kamp nogals baie lekker saam.

Tot ek weer skryf.

Luiperds groete.

Peet Venter

## Dagsê Sawanante...

Ek hoop nie die koue het julle weerhou om lekker te kamp nie, maar die winter is darem amper verby. Tydens die pas afgelop NUB het daar 'n paar punte na vore gekom wat ek graag met julle wil deel.

Nuus vanaf die gebiede: Dit lyk of dit oor die algemeen goed gaan in die gebiede. Daar is 'n paar streke wat reeds hul AJV's gehou het maar meeste streke hou in die komende weke hul AJV's. Dit is opmerklik vir die NUB dat baie streke hul datums, tye en plekke verander het en dan nie die inligiting vir ons gestuur het nie. Dit maak dit besonders moeilik vir die Gebied voorsitter en dagbestuur om dan beplanning te doen om AJV's by te woon. Stel ons asseblief in kennis as daar enige veranderinge plaasvind. Ek wil egter elke streek sterkte toewens met die AJV's

Senior burgers: Die President is juis nou in die midde van 'n oorwintering by die Eiland. Hy noem dat dit verbasend is hoeveel Sawanante van regoor die land daar in die Noorde gaan oorwinter. Wat dit nog meer aantreklik maak is die feit dat die tarief wissel van net meer as R100 tot R64 per nag.

Toerusting: Soos in my vorige skrywe genoem wou ons die ou klankstel van SAWA verkoop. Ons het egter geen aanbod gekry vir die stel nie en die NUB het besluit op aanbeveling van die Dagbestuur om die stelsel aan Huis Meyerton te skenk waar daar 'n nodigheid vir so 'n stelsel is. 'n Nuwe skootrekenaar is ook vir die kantoor aangekoop en na al die programmatuur gelaai is sal dit die kantoor se werk ook vergemaklik

Finansies: SAWA se finansies word goed bestuur. Daar is 'n paar streke met uitstaande fakture by die kantoor maar oor die algemeen word dit goed hanteer. Dankie, aan al die streke wat getrou hul rekeninge betaal. Al die gebiede het hulself verbind om in die komende jaar R2000.00 addisioneel per gebied in te samel. Dit sal help om te verhoed dat ledegeld te dramaties styg.

Jaarprogramme: Na ernstige oorweging is besluit om nie volgende jaar 'n Nasionale saamtrek aan te bied nie. Dit gee weer vir die streke in die binneland die geleentheid om streekkampe aan te bied. Streke word ook versoek om so spoedig moontlik hul voorlopige kampe vir volgende jaar vir André Knoetze te stuur sodat hy die jaarprogram kan saamstel. Die bestuursinligting kan deur gestuur word sodra dit bevestig is tydens die AJV.

Satelliete: Die NUB het aan Bronberg toestemming gegee om oor te gaan tot streeksstigting. Die stigtingsvergadering vind plaas op 1 Oktober en ons sien uit om Bronberg op die Kongres as 'n volwaardige streek te verwelkom. Saam met die goeie nuus is daar ongelukkig ook die minder aangename. Na baie harde en volhoudende pogings om Waterberg weer te laat herleef moes die reëlingskomitee 'n versoek deur die gebied na die NUB rig om die satelliet te ontbind. Daar is net eenvoudig nie genoegsame aktiewe lede wat gereeld kan kamp om die streek lewensvatbaar te maak nie. Baie dank is aan Fanie Marx verskuldig wat baie tyd en moeite gedoen het in die verband.

EB lisensies en voertuig gewig: Die moontlikheid word ondersoek om 'n sleep opleiding sessie tydens die Nasionale saamtrek te hou. Daar heers egter ook groot onduidelikheid oor die sleepgewigte en kom-

binasie gewig en herregistrasie van woonwaens. ‘n Inligting sessie sal waarskynlik gedurende die Nasionaal en/of die Kongres aangebied word.

SAWA@Netwerk: Die finale netwerk sal eersdaags beskikbaar wees en ons vertrou dat lede van beide adverteerders en verbruikers hierby sal baat vind.

Radio lisensies: Soos in my vorige skrywe vermeld kan Twee-rigting radio lisensies nie meer deur ORPA aan nie lede verskaf word nie. Lede kan egter direk met Icasa skakel om lisensies te bekom. Die koste beloop in die omgewing van R79.00 per jaar. Icasa kontak no: 011 566 3000/3001 of info@icasa.co.za

Media: Besoek gerus die webwerf by sawa.org.za. Daar is baie nuus en inligting wat vir baie lede insiggewend sal wees. Die volgende Sawanant moet Mariaan Erasmus vroegtydig bereik vir plasing in die uitgawe.

Saamtrekke van belang: Vir die binnelandse streke is die Nasionaal by Koppisol op 23—25 September om die draai. Dit beloof om ‘n heerlike naweek vol pret en natuurlik lekker eet en kuier te wees. Daar is ook ‘n kunstenaar wat Saterdagaand gaan optree. Die Kongres is die naweek van 14—16 Oktober en bespreekingsvorms is reeds uit. ‘n Paar streke vier besonderse verjaarsdae in die nabye toekoms. Die maand vier Streke Riemland (15) en Oos-Kaap (40) hul verjaarsdae en Albatros (20) vir hul verjaarsdag in November. Ons wens julle geluk met die prestasies en wens julle voorspoed toe.

Nominasies: Tydens die NUB is die volgende nominasies vir President en Dagbestuur ontvang.

President—Nico Spaumer (Oos-Rand)

Nasionale Voorsitter—Jurie Dreyer (Oos-Rand)

Nasionale ondervoorsitter—André Knoetze (Oos-Rand)

Nasionale Sekretaris—André Swanepoel (Luiperds)

Nasionale penningmeester—Wynand Theron (Wapadrand)

Nasionale Skakelbeampte—Rudi Kleynhans (Oos-Rand)

Graag wens ons die genomineerdes geluk en wens hul sterkte toe met hul werksaamhede.

Die Gebiedsvoorsitters sal meer breedvoerig verslag lewer oor die NUB.

Ek wens alle streke ‘n aangename kamplewe toe tot ons mekaar weer raak kamp.

Groetnis
Jannie Meyer
Nasionale Voorsitter

# Diere rubriek

**Krieke Plaag**

Ek het ‘n probleem met vaal graskrieke op ‘n kikoejoegrasperk. Wat kan ek gebruik om hulle uit te roei en hoe kan mens hulle vang vir “dragon” kos? Daar bestaan nie dalk ‘n boereraat ook nie?

*Antwoord*

Daar is 70 verskillende kriekspesies wat in Suid-Afrika voorkom en almal kan ernstige skade aanrig. Die drie mees algemende spesies is die tuinkriek (Gryllus bimaculatus), die reusekriek (brachytrupes membranaceus) en die gewone molkriek (Gryllotalpa Africana). Oor die algemeen kruip krieke weg in gate, onder klippe, ens. Gedurende die dag en kom snags uit om kos te soek. Krieke sal omtrent enige vars plant materiaal vreet. In huistuine kan hulle baie skade onder jong plante veroorsaak en ook op grasperke soos hierdie geval is.

Sonder ‘n beskrywing is dit moeilik om te bepaal watter spesie ons hiermee te doen het, maar ek vermoed dit is die reusekriek. Die volwasse kriek kan tot 6cm lank word en is bruin van kleur. Dit het baie sterk mandiebels (kake) en kan taamlik seer byt. Hulle leef gewoonlik in gate wat hulle grawe. Die opening van die gate kan omtrent vingerdikte wees en tot 30cm diep wees, afhangende van die grondtipe. Krieke verkies sanderige of ligte grond, maar kan oral voorkom.

Een van die boererate wat ek al gehoor het, is om kookwater of seperige water in die gate te gooi, maar ek het my bedenkinge oor die effektiwiteit hiervan. Dit mag van die krieke laat uitkom en hulle kan dan vir troeteldierkos gebruik word

Beta-cyflutrien (50 gram per liter), chloorpirifos (250 gram per liter) en karbarielpoeier is spesifiek vir grasperke bedoel. Vir ander tuingebruik kan karbariel/chloorpirifos gebruik word. Dien die insekteenmiddel in die laat middag toe en besproei die grasperk dan deeglik. Onthou dat hierdie gifstowwe is en hou kinders en troeteldiere vir ‘n dag of twee weg van die behandelde area af indien moontlik. Volg ook die instruksies op die houer noukeurig na.

**Bron:** Landbou weekblad—10 Augustus 2010

Geskryf deur: Dr Victor Whitlock, Landboukundige (Whitlockv@yahoo.com)



Gryllus bimaculatus



Brachytrupes membranaceus en Gryllotalpa Africana

# Tegnies

## Deel 2

### Step 1: Wheel and hub removal

Park the vehicle on a level, firm surface and place the wheel chocks firmly on either side of the wheel opposite the one you're going to work on.

Place one of the axle stands under the drawbar coupling and retract the jockey wheel. This prevents the vehicle from swivelling about the chocked wheel, falling off the acle stand an injuring you.

Loosen the wheel nuts on the side you are working on, but do not remove them yet. Jack the axle until the wheel clears the floor by about 20 mm. Insert the second axle stand firmly under the axle. NEVER trust a jack when you (or even just parts of you) are under a vehicle.

Remove the wheel nuts and the wheel.

There will be a domed grease cover over the centre of



the wheel hub. This can usually be removed by tapping a flat screwdriver into the groove behind the ridge on the dome and the edge of the hub. Work your way around the dome as you do so. Gentle radial taps using a small hammer may assist in getting it loose.

With the dome off, the retainer nut will be accessible. This will either be a castellated nut (a nut with the cutouts all around the top) or have a hexagonal sleeve over it which reduces to a castellated centrepiece. There will be a split pin through one of the castles and through the hole in the stub axle, with the ends bent over the tip of the axle. Remove it.

Now, if you are working on the hub on the right side of the vehicle, the axle and nut will have a normal right-hand thread. But if you are on the left side of the vehicle, the thread may be left-handed. Remove the nut and the washer behind it. Sometimes the axle has a shallow keyway and the washer will have a tab which fits the keyway. (This stops the washer from spinning with the bearings.)

Once you have the nut and washer off, you should be able to remove the cone of the outer bearing. If it doesn't oblige, just rock the edges of the hub until it eases out of the cup. (The cone is the caged assembly of rollers and the cup is the ring they run in.)

### Step 2: Removing the inner and outer cups

The inner and outer cups are very tightly pressed into the hub. Each presents a very slight inner shoulder accessible only from the opposite end of the hub.

Place the hub on the hardwood blocks. Start by reaching in to the shoulder of the inner cup with your punch while tapping it with the hammer. Work your way around the cone and it will gradually drift out of its seat in the hub, carrying the oil seal with it. Remember which way the taper of the cone faces!

Turn the hub over, and now, working from the inner side, remove the outer cone in the same manner.

Bron: Caravan & Outdoor Life Magazine

# Tienerhoekie

## Deel 2

### Verslaaf aan die Slimfoon?

Kenners beskou die volgende as tekens van selfoonverslawing. Toets jouself sommer ook.

1. Het hy nodig om elke kort-kort te kyk vir nuwe e-posse, BBM's of SMS'e?
2. Verloop daar minder as tien minute tussen elke keer wat daar gekyk moet word?
3. Is die foon altyd byderhand, waar hy of sy ook al in die huis is? (of jyself op kantoor?)
4. Kan sy eenvoudig nie die huis verlaat sonder haar foon nie? Byna soos 'n soort skeidingsangs?
5. Voel sy verlore sonder 'n foon by haar?
6. Meng die foon in met skoolwerk of gesinslewe?
7. Meng dit in met konsentrasie? (Sukkel jy byvoorbeeld om 'n artikel of 'n boek te lees omdat jy kort-kort op jou selfoon moet loer?)
8. Moet jy opgradeer na nuwe data-pakkette omdat die lugtyd/data op is voor die maand om is?
9. Is die selfoon die eerste ding waarna soggens gegryp word, al is die oë nog kwalik oop?
10. Hoor hulle soms die foon in hul verbeelding terwyl hy eintlik tjoepstil is?
11. Is sy of haar vingers-op-die-foon in onvanpaste plekke soos die kerk, fliek of konserte?

Verslaaf of verlief?

Martin Lindstrom, skrywer van Brand-washed: *Tricks Companies Use to Manipulate Our Minds and Persuade Us to Buy*, het onlangs, na Steve Jobs van Apple se dood, 'n insiggewende artikel in die *New York Times* geskryf waarin hy beweer ons "intense verhoudings" met ons fone is nie net verslawing nie, maar eerder liefde.

As handelsmerk-konsultant volg hy die handelsmerk Apple reeds jare lank, en hy vertel van sy eie eksperimente waarin funksionele magnetise resonansieskanderings (fMRI) gebruik is om die ooreenkomste tussen gewilde handelsmerke en Godsdiens te ondersoek. Met fMRI kon mense se breinaktiwiteit dopgehou word terwyl hulle kyk na handelsmerke (soos Apple en Harley Davidson) en godsdienstige voorwerpe soos bidkrale of 'n foto van die pous. Lindstrom skryf dat daar sterk ooreenkomste was tussen brein-aktiwiteit t.o.v. albei onderwerpe.

Hy het vroeër vanjaar weer fMRI ingespan om te bepaal of selfone so verslawend is soos alkohol, kokaien, inkopies of video-speletjies. Hy wou toets of dopamine, 'n neuro-oordragstof wat jou laat goed voel, 'n rol speel soos in die geval van dwelms, tabak of kos.Met sy navorsing het hy 'n verstommende ontdekking gemaak: die breinaktiwiteit wat geregisreer het by al 16 proefkonyne wat blootgestel was aan klank– en videogrepe van luiende en vibrerende iPhone's, was in die korteks van die brein. Die korteks is die deel van die brein wat verbind word met liefde en meegevoel, asof hulle naby 'n geliefde of familielid was! Van die klassieke brein-gebaseerde tekens van verslawing was daar nie tekens nie.

Sy gevolgtrekking: "Vir baie mense is hul iPhones hul beste vriend, metgesel, lewenslyn, maat en ja, selfs hul Valentyn. Die man of vrou vir wie jy lief is, sit dalk

net oorkant jou in 'n romantiese straatkafee, maar sy of haar 16GB-mededinger is in jou binnesak, lans jou hart. My raad, sit af jou iPhone, bestel sjampanje en vind liefde en deernis op die outydse manier."

**Hoe keer ek selfoonverslawing by my kind?**

Nellie Prinsloo, 'n kliniese sielkundige van Alberton, sê ouers kan selfoonverslawing by kinders keer. Hier is raad.


* Neem jou kind se behoeftes, ontwikkelingsvlak en persoonlikheid in ag voordat jy vir hom 'n selfoon gee. "Jy ken jou kind, en weet watter kind dalk heeltemal oorboord sal gaan met 'n slimfoon. Onthou, die finale besluit oor wat jou kind kry, berus by jou. Dis heeltemal onnodig om vir 'n jong kind 'n slimfoon te koop. Ongelukkig van ouers te maklik vir die hele byhou-by-die-Smitte-sindroom"
* Beperk jou kind se tyd op die foon, en sit 'n beperking op sy selfoonkontrak. "As jy 'n kind in-beperkte tyd op die foon en onbeperkte lugtyd gee, soek jy moeilikheid," sê Nellie. Maak reëls, soos selfoonvrye gesinstyd of kuiertyd, en verbied selfone aan etenstafel. "Kry hulle dan betrokke by 'n gesprek deur vrae te vra en hul aandag af te trek van hul fone. Kort voor lank mis niemand meer hul selfone nie." Deur selfone in gesinstyd en aan etenstafel te verbied,skep jy vir jou kind sekuriteit, want jy help hom om te leer van balans tussen sy sosiale behoeftes, sy gesin en vriende en die nodigheid van self-dissipline. Nellie sê ouers moet tydens kuiers met maats ingryp as hulle sien die kinders kuier nie met mekaar nie, maar sit heeltyd op hul selfone. "Sê, sonder om die kinders te verneder, dat dit nou kuiertyd is, want hulle is bymekaar, en dat hulle later, wanneer almal by die huis is, weer vir mekaar kan boodskappe stuur."
* Leer jou kind dat 'n selfoon niemand se baas mag wees nie. Begin deur ook jou foon soms af te skakel. "Leer hulle onderskei tussen belangrike oproepe en SMS'e. "Vra ook om verskoning as jy in gesinstyd wel 'n dringende oproep moet maak of beantwoord.
* Oordink die ware rede hoekom jy vir jou kind 'n duur selfoon gegee het. "Om jou gewete te sus, of omdat hy of sy dit werklik nodig het? Of was dit om hom of haar uit jou hare en besig te hou, of te laat inpas by maats?" Nellie voel baie sterk daaroor dat kinders nie alles moet kry wat hulle begeer nie, en sê dis noodsaaklik dat ouers sterk leiding neem in die vestiging van kinders se waardes.

Bronne: www.socialnomics.net; www.webmd.com; www.rapport.co.za (vir verwerking van *NY Times*-artikel deur Marrin Lindstrom).



# Welpieklub

**Kleur my in**



**Bron:** www.pinterest.com

# Luiperds Ou-baarde (bo 60)

Kierie Brigade



Bloekompoort—Senior Burger
19 Augustus 2016

Woensdagoggend arriveer die eerste van die Luiperds Sawanante en gaste van Suikerbosrand te Bloekompoort onder leiding van Phillip en Ans Opperman, Luiperds se eie Senior Burger verteenwoordiger vir die Senior Burger saamtrek voor die Algemene Jaar Vergadering saamtrek van SAWA Streek Luiperds. Daar word vinnig opgeslaan en lekker gekuier saam met Suikerbosrand se Senior Burgers (Phillip & Hettie Horn, Zirk & Rie Venter en Daniel & Paula van Deventer) onder die bome. Teen drieuur die middag het Bennie & Annalene Van Niekerk van Kimberley met hulle dogter Andri de Bruin en kleinseun Derick ook gearriveer. Hulle het vinnig ingeburger om net luilekker te kuier na 'n lang dag se ry vanuit die Noord Kaap. Na boekevat die aand het elkeen maar sy eie ding gedoen waarna daar vroeg ingekruip is.

Donderdagoggend nadat almal ontdooi en uit die vere gekruip het, het elkeen maar op sy eie tyd ontbyt genuttig waarna 'n paar eers terug gery het dorp toe vir inkopies. Die res van die geselskap het maar luilekker al met die son saam om en onder die bome gekuier (Zirk Venter het die geselskap vermaak met al sy stories en sêgoed). Later die aand is daar na boekevat lekker gesmul aan die pap en wors wat deur die oord voorsien is waarna elkeen maar weer sy eie ding gedoen het voordat die kooi opgesoek is.

Vrydagoggend het die meeste self weer op hul eie tyd ontbyt genuttig terwyl daar vir die aankoms van die res van die naweek se kamplewe gewag is. Dit was weereens 'n lekker "kuier" naweek en dankie aan almal wat die kamp kon mee maak.

Dankie aan almal wat die kamp mee gemaak het en vir die van julle wat dit nie kom maak nie, kom ons wend 'n poging aan om volgende jaar ten minste vyf van ons eie Senior Burgers te kan hê wat kom saam kamp.

Senior Burger Kamp groete
Phillip en Ans Opperman

**Die Seniors aan die kamp**
**Rus-rus**



## Luiperds Kampnuus:

Wildtuin—Berg en Dal
28 April—2 Mei 2016



Kampeerders het reeds van Saterdag 23 April begin kamp alhoewel die kamp eers amptelik Donderdag 28 April begin het. Al 8 die Sawa-woonwaens het Saterdag al nes geskrop. Hierdie was meer ‘n Sawa-week as ‘n naweek.

Soos ons die wildtuin ken, was dit baie warm en die swembad het ‘n lafenis gebring aan die bloedige warm dae (tot 37º is aangeteken).

Die apies het effe amok gemaak in die kamp en party woonwaens het deurgeloop deurdat van die tente geskeur was sodat hul kon inkom om van die heerlike eetgoed binne te kon kry. Johan en Elmarie het ongelukkig deurgeloop. Peet het gehelp met “apie-opleiding” en toe het dit heelwat beter gegaan met die kwaaddoeners.

Woensdag het die wildtuin regtig vol begin word. Die kamp het gedruis in die aande soos mense sit en kuier om die vure.

Donderdag het die kamp amptelik begin en Peet het almal welkom geheet. Met tipiese Sawa-tradisie is daar elke aand deur een van ons ouens boeke gevat en ons het lekker saam gesing. Van die ander kampeerders het kommentaar gelewer oor die goeie tradisie wat gevolg word.

Die weer was deurentyd lekker warm. Dit het wel Donderdagaand ‘n goeie bui gereën en ons het so bietjie modder getrap. Daar is wel gebraai al was dit ‘n bietjie laat.

Saterdagaand het ons die afsluiting gehou so tussen ‘n paar reëndruppels deur. Dit is met leedwese verneem van Johan de Kock se niggie wat oorlede is. Ons bid vir jou en jou familie.

Koos Gunter (Suid-Oos streek) het ook nie baie lekker gevoel nie... Ons hoop hy het ‘n dokter gaan sien.

Almal het gedurig gerapporteer van baie wild wat gesien was. Leeus, luiperds, cheetahs, wildehonde, hordes renosters en olifante was gesien. Baie roofvoëls was ook gesien saam met ‘n swart-mamba wat Johan Opperman gesien het...om nie te praat van die pofadder in die dames badkamer nie...

Ons het weereens besef hoe fantasties die natuur se siklus werk— ‘n kameelperd is naby die kamp platgetrek en na net 3 dae is slegs die beendere van die dier oor...wat ‘n aanskouing!!!

Sondag is Koos, Peet, Francois en Johan almal huistoe. Ons het verneem hulle het veilig gesleep. Die oorblywende lede het die tradisie voortgesit met sang en boekevat.

Maandag het die res van die Sawa-geselskap opgepak en die langpad met baie verkeer aangevat.

Hierdie was weereens ‘n baie lekker kamp en almal het dit baie geniet. Ons verneem dat ons volgende jaar Satara toe gaan. Wonderlik...kan nie wag nie.

Kampkommandant Groete.
Nico en Ronelle du Plooy.



Almal wat by Berg en Dal gekamp het



Welpies en hulle plaatjies. Lumé en Krismé was reeds in droomland.



Vinkie en André Swanepoel ontvang hulle 140ste Streeksplaatjie.



Ouma Sweetie is as Luiperd van die naweek aangewys.




Groot Trofee ontvangers



Kampkommandante vir die naweek.



Welpies en hulle kuns. Dankie Ouma Sweetie.



Die kampvuur wat elke aand gemaak is.























JOCK
TREK-1885





# Luiperds Kampnuus:

Badplaas
27-29 Mei 2016

Luiperds het alweer hulle geliefde Badplaas kamp ingekry waar veral die kinders hulle gate uit geniet het.

Vrydagmiddag vroeg al het die eerste waens al gearriveer en almal was daar voor boekevat om 19:00 wat deur Vinkie (Koer-Koer) Swanepoel gehou was. Hierna het die Luiperds en die gaste van Pannorama heerlik gesmul aan ‘n verskeidenheid soppe wat voorberei is deur Vinkie en vennote.

Daar was boontjiesop, groentesop en butternut en patatsop gewees. Laas genoemde ‘n bietjie vreemd vir my maar nogal heel skaflik na alles. Daarby was heerlike vetkoeke en sherry bedien. Nadat almal lekker gesmul en geklets het is die meeste van ons vroeg kooi toe.

Saterdagoggend vroeg is die kinders swembaddens toe, maar was betyds terug vir boekevat (wie sou nie na al die dreigemente wat rondgevlieg het oor die tyd van terugkoms nie). Boekevat was om 09:00 gelei deur Johan de Kock en glo dit of nie om 10:00 was die straat weer toegemaak vir ‘n hengse straatbruch. Hierna het die kinders ons gegroet en het ons hulle weer gesien toe ons al besig was met aandete voorbereiding. Hulle was lekker op en honger soos beeste. So van beeste gepraat, die Bulle was vir jou omtrent afgeslag deur, soos ek hulle noem die Leeuwelpies. Coisie en die res sal natuurlik wil sê die Koning Leeus of hoe sê ek dan nou.

Sondagoggend was die kinders al vroeg uit die vere gejaag wat juffrou Chonané was reg om 08:15 vir hulle Sondagskool te gee. Hierna is almal te voet (Johan en Lizinda amper ook) na Badplaas se Kerkie waar ons op ‘n heerlike verfrissende mondfluitjie preek getrakteer was. Na Kerk jaag almal toe terug kamp toe waar ons lekker koue vleis en slaai vir ontbyt gehad het, waarna die afsluiting plaasgevind het en Tannie Elsie tot groot vermaak almal se beursies geskud het met haar weergawe van “Varkie vang” (varkie kry).

Aai die onaangename takie van kamp opslaan is egter met ‘n glimlag gedoen (en lee beursies).

Aan almal wat saamgekamp het, die Pannoramers ook, baie dankdie vir ‘n goeie kampnaweek.

Toereldoe van julle Kampkommandante, Johan, Lizinda en Vinkie tot volgende keer.



Oupas en hulle kleinkinders



Die straat brunch waarvoor die Luiperds bekend is voor



Welkom by die “pajama party”



Hier word Sondagskool gehou



Ons Kampkommandante vir die naweek



Adrie en Riaan Smit welkom by ons Luiperds. Hulle kinders Ian en Jaco was by die swembad gewees



Maré en Sidney Lourens ontvang hulle 10$^{de}$ Streeksplaatjie



Ons het gaste ook gehad vir die naweek



Peet en Elaine Venter ontvang hulle 130$^{ste}$ Streeksplaatjie



Die Welpies ontvang elkeen hulle Welpie plaatjie en so was hulle elkeen ook beboet deur die varkie "speedcop"



Sondag se koue vleis en slaai tafel. Die Luiperds is weer as "duk" pelle uitmekaar uit.



Vinkie en André Swanepoel ontvang hulle 60$^{ste}$ Kampkommandant plaatjie

# Luiperds Kampnuus:

Drakensberge toer - Gebied Oos-Transvaal
24 Junie—09 Julie 2016

Vrydagmiddag 13:00 vertrek ons vier waens—die Battse, Venters, Storms en Erasmusse Harrismith toe vir ons eerste oornag. Die Besters was te gretig om die toer te begin en het reeds die oggend 09:00 vertrek.

Om en by 16:00 arriveer ons by Mountain View Harrismith en word daar gou kamp opgeslaan en verwelkom Annetjie en Kobus ons met lekker boeretroos. Later die aand stap ons Spur toe en geniet die eerste feesmaal van ons toer. Die koue slaan gou toe en vinnig na ete is ons bed toe. Na ‘n spur ontbyt word die kamp opgeslaan en vertrek ons op ons volgende tog Dragon Peaks toe.

Voor ons vertrek het Lance en Retha eers geskenkies uitgedeel aan al die toerlede. Ons arriveer by Dragon Peaks na ‘n veilige rit deur die berge.







Gou-gou kry ons elkeen ons plekkie en word daar lekker nes geskrop. Die res van die dag is maar lui-lui deur gebring. Die aand het Francois vir ons ‘n lekker kampvuur gebou om, om te kuier.

Sondagoggend 04:00 het ek weer die pad terug Secunda toe gevat. Wou mos Chrizane se tent tuis vergeet. Ek het toe sommer gou Pretoria omgery en Chrizane by Tukkies gaan oplaai. Sy het kom saam toer vir die vakansie. Die res het ‘n rustige Sondag in die kamp deur gebring. Na 1000km was ek 20:00 weer terug in die kamp en het André en Vinkie Swanepoel ook net voor my by ons kom aanslut.

Maandagoggend was dit kamp opslaan vir die Swanepoels. Daarna het ons ‘n bietjie die omgewing gaan verken. Daar is gekuier by “The Ugly Duckling”, “Sandra se Winkel” en by die “Waffle Hut” is wafels geëet.









Ons het ook sjokolade fondue by die “Chocolate factory” genuttig!!! Terug by die kamp is daar vure aangesteek vir braai en om warm te kry die aand.

Dinsdagoggend is Francois en Rina weer terug Secunda toe want sy het ‘n afspraak gehad wat nie gekanselleer kon word nie. Die res van ons vertrek en gaan besoek die Cathedreal Peak wynplaas. Daar haak ons amper vas op hulle heerlike wyne met die proeslag.

Na die kuier vertrek die Venters, Storms en Swanepoels terug kamp toe want hulle het gaan helikopter ry die middag. Die res van ons, Battse, Besters, Erasmusse en Broxhams vertrek om Cathedral Peak hotel te gaan besoek. Oppad soontoe stop ons by Didima en bekyk die mooiste rotstekeninge en standbeelde. Daarna stop ons by Chathedral Peak Hotel. Wat ‘n pragtige plek en natuurskoon is dit nie.

Woensdagoggend besoek ons Falcon Ridge Birds of Prey en word vermaak met die mooiste roofvoêls en hul vertonings.








Na die vertoning besluit ons, ons gaan bietjie quad bikes ry wat seker nie ‘n goeie besluit was nie. Ek, Kobus, Simone en Chrizane tree elkeen so ‘n fietsie aan en word gou touwys gemaak deur die gids. Ek moet wel noem dat dit my en Simone se eerste op ‘n quad bike was. Hahaha. Ons word gou berg af gevat op ‘n pragtige roete met ‘n mooi uitsig. Simone se bike was nie heeltemal reg nie en sy maak ‘n klein ongeluk en val met die bike en dit beland op haar arm.

Heelwat later by die huis sou sy uitvind haar arm is gekraak en ‘n beentjie in die gewrig gebreek, maar net soos dit werk, nie lank daarna is ek van die pad af op ‘n skuinste en my bike. Ek kon darem afspring sodat die bike nie op my val nie, maar ek val op ‘n klip en val my wind uit. Na ‘n ruk kon ek op maar met erge pyn in my linkersy.

Die gids het my bike weer op gekry en in die pad gekry waarna ons toe omdraai en weer berg op ry na die begin punt toe. Ek dog ek sterf sewe dode op die pad. Daar afgeklim is dit sukkel kar toe en Retha wat my dokter toe vat in Winterton. Na ek pynmedikasie gekry het is ons weer terug kamp toe. My ribbes was gekneus volgens die dokter, ook na twee weke toe ons tuis gekom het en ek vir plate gaan is gevind ek het vier gebreekte ribbes en ‘n gat in die long wat nogals lewensgevaarlik was volgens my dokter. Ek kon toe na die val vir vyf weke glad nie lê en slaap nie.

Ek kon darem nog die toer voltooi met baie pyn en ongerief en hulp van almal. Donderdag was weer ‘n lekker lui rustige dag by die kamp vir ons. Ons tema vir die aand was Heidi kos en almal het gebak en brou vir die aand se feesmaal.



Vrydag het ons die skoenfabriek op pad Escourt toe besoek en skoene gekoop ook ja. Op Escourt het ons die glasfabriek en Escourt vleisfabriek besoek.

Ons en Kobus-hulle het Winterton toe gery en die museum gaan besoek terwyl die ander weer Waffle Hut toe is.

Die aand het ons weer lekker kampvuur gemaak en heerlik saam gebraai en gekuier tot die koue ons bed toe gejaag het.

Vrydagmiddag laat het Ian en Stephan en hul gesinne ook by ons aangesluit om verder saam met ons te toer.

Saterdag was niemand lus vir iets nie en dit was ‘n regte trietsige dag met reën en koue, wat ons laat besef het die helfte van ons toer is reeds verby. Vinkie en Elsie het maar draai-aartappels vir ons gebak. Daar was ook sneeu op die berge rondom ons.




Sondagoggend het ons by Dragon Peaks restaurant gaan ontbyt eet en saam Willem en Elsie hul 50ste huweliksherdenking gevier. Dit het ons kans gegee om die tente bietjie droog te kry voor ons moes kamp opslaan. Dit was ‘n regtige ysige oggend gewees.



En so eindig ons eerste gedeelte van ons toer by Dragon Peaks. Almal opgeslaan, gehaak en reg om te vertrek na Drakensville.

By Drakensville aangekom het almal gou hul staanplekke gekry om weer kamp opgeslaan vir die volgende week se verblyf.

Die week by Drakensville was baie rustig gewees. Ons het weer heerlik in die aande om die kampvure gekuier en gebraai. Maandagoggend was ons begroet met sneeu op die berge in die verte.

Van ons het maandag gaan inkopies doen in Bergville terwyl die res wasgoed gewas het. Die aand was dit weer pannekoekaand gewees en elke wa het sy eie pannekoeke gebak met die heerlikste vulsels. Ons het toe so by elkeen geëet en almal se pannekoeke en vulsels geproe.

Dinsdag het ons die omgewing gaan verken en ook

‘n draai by Hlalanati oord gaan maak. Na ons besigtiging het ons by All Out Adventures gestop waar Kobus en Simone gaan canopy tours ry het, terwyl die res van ons koffie gedrink het.

Daarna het die hongerpyne ons begin pla en is ons Tower of Pizza toe om hulle heerlike pizzas te probeer.

Ons het so bymekaar pizza stukke uitgeruil om almal s’n te proe en voorwaar dit was uit die boonste rake.

Die Woensdag en Donderdag was maar weer koue dae en ons het verkies om in die kamp te bly en in die onderdak warmwater swembaddens te gaan warmte soek.

Vrydag het ons vir oulaas die klein Stormpies gevat All Out Adventures toe sodat hulle kon gaan rekspring en paintball skiet. En het hulle dit nie geniet nie. Daarna het ons weer gaan afsluit met ‘n pizza by Tower of Pizza.

Na al die pret en plesier was dit tyd vir die tradisionele Berghof voor die afsluiting van ‘n geslaagde toer. Kobus Bester was die Judge en Francois Storm die Prosecutor en hulle het niemand maar niemand oorgesien nie. Selfs die klein welpies het hul straf gekry. Dit was groot pret gewees en ‘n mooi bedrag va R660.00 is ingesamel.

Die Judge en Prosecutor het ook hul straf gekry—dubbel en dwars! Daar was ook ‘n intieme oomblik tussen Lance en die Prosecutor!!!

Daarna het ek die afsluiting waargeneem. Ek bedank weereens elke Sawanant en gas wat saam met ons op die toer was uit die diepte van my hart. Baie dankie vir ‘n suksesvolle Oos-Transvaal Drakensbergtoer. Ten spyte van die klein ongelukkies en koue was dit ‘n reuse sukses wat nie sonder julle sou kon plaasvind nie. Dankie ook aan Retha my vrou vir jou bystand en hulp en die maak van die verwelkomings– en afskeidsgeskenkies wat ons uitgegee het. Sonder jou hulp en bystand sou ek nie als kon doen nie.






## Luiperds Kampnuus:

Bloekompoort AJV
19 – 21 Augustus 2016

Verlede jaar is die opmerking gemaak "Hoekom daar in die winter AJV gehou moet word sal net ons Stigters weet". Ek dink almal sal met my saamstem dat ons baie lekker weer gehad het met 'n bietjie reën wat ook Saterdagmiddag tydens die AJV geval het.

Ons was in totaal 13 Luiperds gesinne en 5 gaste en 6 Sawananante van ander streke wat ons AJV bygewoon het, onder andere Janie & Alet Meyer (Luiperds se voog vanaf Dagbestuur), Lance & Retha Batts (Gebied), André & Marianne Erasmus (Oosvaal) en dan 3 Lede van Suikerbosrand (Phillip & Hettie Horn, Zirk (Langnek) & Rie Venter en Daniel & Paula van Deventer) gewees. Ons eie Sawananante Bennie & Annalene van Niekerk met hul dogter Andri en jongste welpie Derick het nogal spesiaal vanaf Kimberley gekom om die AJV by te woon. Susarie Pienaar en haar kroos het ook vir die eerste keer in vyf jaar weer kom saamkramp, welkom terug julle, dit was lekker om julle weer te sien!

Vrydagmiddag het almal stadig maar seker gearriveer en nes geskrop. Vrydagaand is daar lekker worsbroodjies gemaak en almal was dit eens dat die baie aangenaam en lekker was. Die manne het so tussen die wors braaiery deur sommer die rugby ook gekyk waarna elkeen op sy eie tyd die kooi opgesoek vir 'n lekker nagrus. Saterdagoggend kon daar bietjie later as normaal geslaap word aangesien ons eers 09:00 ontbyt genuttig het wat deur die oord voorsien was en die Algemene Jaar Vergadering (AJV) wat beplan was vir 13:00.

Saterdagmiddag om 13:00 het almal reeds gesit vir die AJV om te begin. André Swanepoel het die vergadering geopen met skriflesing en gebed waarna die vergadering in volle swang begin het. Tydens die AJV is verskeie sake in goeie gees hanteer en bespreek. Daar was ook verkiesing gehou vir die addisionele lede aangesien ons vyf nominasies gehad het vir die 4 addisionele poste. Al die toekennings is sommer ook tydens die vergadering afgehandel (sien fotobeeld). Die nuwe bestuur is dan: Peet Venter, Francois Storm, Vinkie Swanepoel, Maryke Storm, Johan Opperman, Chris Labuschagne, Lizinda de Kock en Mare Lourens). Na afloop van die vergadering het alma lekker gesmul en iets te ete gekry by die verversings tafel. Die tafel was weereens gepak soos altyd. Dankie aan elkeen wat 'n bydrae gemaak het.

Ons welsyn donasie gaan hierdie jaar weer aan Huis Betsie Louw wat nou al 'n jaarlikse instelling geword het. Ons vra dat elkeen wat kan, asseblief dan weer 'n donasie van R100 of 'n pakkie gelyk aan die waarde sal skenk om ons kerspakkie aan Huis Betsie Louw aan te vul! Die skenking kan by jou voog of Vinkie Swanepoel inbetaal word.

Die res van die dag is dan ook sommer luilekker om die woonwaens gekuier voor ons almal die aand weer aan 'n heerlike ete gesmul het wat ook

**AJV toekennings is tydens die vergadering uitgedeel**



deur die oord voorsien was. Na ete het Willie Opperman en sy vrou Magda ons tot laat vermaak met samesang en musiek uit die ou dae en almal het lekker saamgesing. Later het elkeen maar weer so stil, stil weg geraak om te gaan inkruip.

Sondagoggend is op die gebruiklike manier met erediens, wat deur Wennie Opperman behartig is, geopen waarna daar weer lekker gesmul was aan 'n lekker ontbyt wat deur die oord voorsien is. Na die ete is daar afsluiting gehou en het ons weereens lekker gelag tydens die uitdeel van ons gewilde varkies. Na die afsluiting het sommige opgepak en huiswaarts gekeer terwyl die res nog 'n bietjie langer gekuier het.

Dankie aan almal wat die naweek meegemaak het, dit was voorwaar 'n lekker naweek. Onthou ons volgende twee saamtrekke, die Nasionale kamp (23 – 25 September) by Koppisol en Streeks kamp by Badplaas (28 – 30 Oktober). Hoop om julle almal daar te sien!!!

Tot 'n volgende keer.

Kamp groete!!

Francois Storm




**Rooikappie en hasie het vir die kindertjies uitnodigings uit gedeel na hul Alice in Wonderland Kersparty in November**



**Hennie en sy WEN span het gesorg dat ons soos konings die hele naweek geëet het**



**Sjoe maar AJV is 'n ernstige saak!**



**Willie en Magda Opperman het ons op 'n nostalgiese rit geneem na ysteryear**



**Elsie en Willem Broxham word aangewys as Koningin & Koning vir ons medieval Kerskamp**



**Gelukkig word daar nie net vergadering gehou nie Luiperds kan partytjie hou!!**

**Luiperds se afsluiting is groot pret! Jannie wat maak jy met die groot Vark?**



## Algemene Inligting

| Voorlopige Besprekings en Tariewe 2016/2017 | | | |
|---|---|---|---|
| **Plek** | **Datum In** | **Datum Uit** | **Tarief vir meer as 10 woonwaens per staanplek per nag met 4 persone** |
| Nasionale saamtrek—Koppisol | 23 September | 25 September | R220/nag 4 persone |
| Badplaas | 28 Oktober | 30 Oktober | R310/nag 4 persone |
| Bloekompoort Snr Burger | 23 November | 25 November | |
| Bloekompoort —Kerskamp | 25 November | 27 November | R120/nag 4 persone Sondag ontbyt ingesluit |
| Sionsberg | 27 Januarie 2017 | 29 Januarie 2017 | Sal deur gegee word |
| Bush Inn Snr Burgers | 22 Februarie 2017 | 24Februarie 2017 | |
| Bush Inn | 24 Februarie 2017 | 26 Februarie 2017 | Sal deur gegee word |
| Wildtuin Satara | 17 Maart 2017 | 24 Maart 2017 | Elkeen vir homself |
| Gebiedskamp (Bestuur Opleiding) - Badplaas | 24 Maart 2017 | 26 Maart 2017 | Sal deur gegee word |
| Presidente Klipdraai | 13 April | 17 April 2017 | Sal deur gegee word |
| Badplaas | 26 Mei 2017 | 28 Mei 2017 | Sal deur gegee word |
| See toer—Karridene | 25 Junie 2017 | 08 Julie 2017 | Sal deur gegee word |
| Bloekompoort Snr Burger | 09 Augustus 2017 | 11 Augustus 2017 | |
| AJV - Bloekompoort | 11 Augustus 2017 | 13 Augustus 2017 | Sal deur gegee word |
| Loskopdam | 22 September 2017 | 24 September 2017 | Sal deur gegee word |
| Kongres | 13 Oktober 2017 | 15 Oktober 2017 | Sal deur gegee word |
| Badplaas | 27 Oktober 2017 | 29 Oktober 2017 | Sal deur gegee word |
| Bloekompoort Snr Burger | 22 November 2017 | 24 November 2017 | |
| Kerskamp - Bloekompoort | 24 November 2017 | 26 November 2017 | Sal deur gegee word |

## Vir die Boskok

**Malva poeding**

*Jyhet nodig:*
*1 kop meel*
*1/2 kop suiker*
*1 kop melk*
*1 eetl appelkoos konfyt*
*1 eetl botter*
*1 eetl asyn*
*1 teel koeksoda*
*1 eier*
*1 teel bakpoeier*

*Metode:*
Meng alles saam tot slap deeg en bak in vuurvaste bak totdat dit goudbruin en goed gaar is.

*Stroop*
1 kop ideal melk
1 kop room
1/4 kop botter
3/4 kop suiker
1 teel vanilla essence
*Metode:*
Smelt alles saam tot kookpunt & gooi oor warm nagereg.
Bedien saam met vla.

Eet & geniet...



## Algemene Inligting

### Lief

* Dit gaan goed met die streek.
* Dit gaan goed met André Swanepoel na sy operasie.
* Janno speel semi-finaal teen Bethal rugby.
* Vinkie Swanepoel se kankerskandering is skoon
* Gaan uitstekend met Luiperds.
* Lizinda de Kock is uit die hospitaal.
* Nasionale Sekretaris (André Swanepoel) is weer verkies as die Nasionale Sekretaris.
* Annalene & Bennie van Niekerk het oupa & ouma geword.

### Leed

* Tannie Joy Benecke is Oorlede
* Lizinda de Kock het septisema
* Lina van Elaine Venter is gediagnoseer met been-murg kanker en are in haar milt is ook deurtrek met kanker.
* Lance Batts herstel nog na sy toerbesering.



Sidney Lourens & Vinkie Swanepoel deel die Buffel trofee vir die meeste lede verwerf vir die jaar.

## Spoghoekie!!



Johan de Kock in aksie met sy veerpyltjies, hy deel ook die Renostertrofee saam met Rina Storm vir uitsonderlike prestasie/diens buite SAWA.


# Algemene Inligting

## Voorraadbeampte:

Francois Storm
082 809 7894

Sweetpak baadjies R250
Sweetpak broek R195
Sirkel en woonwa snor R30
Windjakker R370
Slaprand hoed R70
Pette R45
Petwapen (lap) R25
SAWA keps R40
SAWA keps—Vroue R40
Luiperd hempde—prys op aanvraag
Sangbundels R30
Sangbundels groot A4 R50
SAWA Dasse R80

**Alle verkope—kontant met bestelling**



Sangbundels





SAWA hemp en das—appart te koop




Petwapen



SAWA baadjie



SAWA keps



Windjakker

# Verjaarsdae

### Januarie
Lumé Storm (02)
Lian Storm (06)
Zian Opperman (07)
Chohané Janse van Rensburg (21)
Hennie Burger (30)

### Februarie
Riaan Smit (03)
Annalene van Niekerk (03)
Vinkie Swanepoel (10)
Johan de Kock (15)
Janno Janse van Rensburg (16)
Renier Venter (25)

### Maart
Johan Pretorius (03)
André Swanepoel (08)
Stian Storm (13)
Hettie Swanepoel (14)
Sidney Lourens (15)
Lizinda de Kock (27)
Ian Storm (27)
Mary-Ann Pretorius (31)

### April
Bennie van Niekerk (08)
Francois Storm (08)
Johan Opperman (08)
Amoné Venter (26)

### Mei
Dorea Burger (04)
Nico du Plooy (5)
Maryke Storm (06)
Amé Opperman (16)
Collin Koekemoer (19)
Jaco Smit (26)
Elmarie Opperman (29)

### Junie
Johan Mostert (03)
Celani Nel (04)
Kalinka Nel (16)
Caramia Nel (26)

### Julie
Rina Storm (10)
Amanda Koekemoer (20)
Johan Swanepoel (20)
Willem Broxham (21)

### Augustus
Susarie Pienaar (06)
Ans Opperman (29)
Miné Storm (31)
Dina Hilligenn (31)

### September
Elsie Broxham (04)
Sandra Labuschagne (04)
Peet Venter (16)
Laura Opperman (19)
Lappies Labuschagne (28)

### Oktober
Phillip Opperman (01)
Ronelle du Plooy (01)
JW Opperman (06)
Berdine Mostert (11)
Elaine Venter (12)
Josh Spoelstra (13)
Chantall Opperman (14)
Adrie Smit (18)
Ian Smit (23)
Maré Lourens (26)
Hayley Venter (29)

### November
Louis Hilligenn (19)
Johan Bosch (26)
Erenst Opperman (29)

### Desember
Werner Nel (10)
Cecile Bosch (22)
Wennie Opperman (22)
Cindy Spoelstra (27)

# Huweliksherden-kings

### Januarie

### Februarie
Johan & Hettie Swanepoel (03)

### Maart

### April
Johan & Mary-Ann Pretorius (01)
André & Vinkie Swanepoel (01)
Ian & Maryke Storm (01)
Johan & Cecile Bosch (15)

### Mei
Francois & Rina Storm (02)
Nico & Ronelle du Plooy (05)

### Junie
Peet & Elaine Venter (15)
Erenst & Chantall Opperman (23)

### Julie
Willem & Elsie Broxham (03)
Wennie & Laura Opperman (05)

### Augustus
Chris & Sandra Labuschagne (10)

### September
Johan & Elmarie Opperman (25)
Collin & Amanda Koekemoer (29)

### Oktober
Johan & Berdine Mostert (04)
Bennie & Annalene van Niekerk (11)

### November
Louis & Dina Hilligenn (19)
Sidney & Maré Lourens (21)
Phillip & Ans Opperman (26)

### Desember
Werner & Celani Nel (17)
Johan & Lizinda de Kock (30)
Hennie & Dorea Burger (30)

### SAWA Ledegelde vanaf 01 Desember 2015

Intreegelde R120-00
Kontantbetaling :-
Gewone lede R330-00
Senior Burgers R320-00
Debietorderbetalings :-
Gewone lede R320-00
Senior Burgers R310-00

### BANKBESONDERHEDE
SAWA Luiperds
ABSA Tjek Rek no: 4070170865
Takkode: 632005

## Voogde met hul lede

| | |
|---|---|
| **Venter** | **Peet & Elaine 0712279368** |
| Pretorius | Johan & MaryAnn 082 889 6083 |
| Venter | Renier 072 328 4953 |

**Kinders (tot graad 12)**

Venter Hayley, Amoné

| | |
|---|---|
| **Storm** | **Francois & Rina 082 809 7894** |
| Opperman | Phillip & Ans 082 779 3262 |
| Pienaar | Susarie 0843850644 |
| Koekemoer | Collin & Amanda 083 267 4935 |

**Kinders (tot graad 12)**

| | |
|---|---|
| **Swanepoel** | **André & Vinkie 082 503 7242** |
| Swanepoel | Johan & Hettie 082 469 2903 |
| Opperman | Erenst & Chantall 082 459 0914 |
| Van Niekerk | Bennie & Analene |

**Kinders (tot graad 12)**

Opperman Zian, Amé

| | |
|---|---|
| **De Kock** | **Johan & Lizinda 082 455 7961** |
| Spoelstra | Cindy 072 021 8040 |
| Hilligenn | Louis & Dina 084 846 2555 |

**Kinders (tot graad 12)**

Janse van Rensburg Chohane, Janno
Spoelstra Josh

| | |
|---|---|
| **Storm** | **Ian & Maryke 082 713 0044** |
| Bosch | Johan & Cecile 082 698 6585 |
| Nel | Werner & Celani 071 252 8873 |

**Kinders (tot graad 12)**

Nel Caramia, Kalinka
Storm Lian, Miné, Lumé, Stian

| | |
|---|---|
| **Opperman** | **Johan & Elmarie 082 779 1539** |
| Opperman | Wennie & Laura 083 266 9515 |
| Opperman | JW 0722781615 |
| Du Plooy | Nico & Ronelle 083 303 1438 |

| | |
|---|---|
| **Lourens** | **Sidney & Maré 078 451 1883** |
| Smit | Riaan & Adrie 071 333 2985 |
| Burger | Hennie & Dorea 082 904 2318 |

**Kinders (tot graad 12)**

Smit Ian, Jaco

| | |
|---|---|
| **Labuschagne** | **Lappies & Sandra 082 065 8127** |
| Broxham | Willem & Elsie 082 851 3581 |
| Mostert | Johan & Berdine 082 448 9433 |

**Kinders (tot graad 12)**

## Bestuur Kontakinligting

| | **Naam** | **Sel Nommer** | **E-pos Adres** |
|---|---|---|---|
| **Voorsitter** | Peet Venter | 071 227 9368 | peet@pelecane.co.za |
| **Ondervoorsitter** | Francois Storm | 082 809 7894 | francois.storm@sasol.com |
| **Penningmeester** | Vinkie Swanepoel | 082 503 7242 | swanepoel.vinkie@gmail.com |
| **Sekretaris** | Maryke Storm | 082 713 0044 | maryke.storm@sasol.com |
| **Addisionele lid** | Lizinda de Kock | 082 455 7961 | lizindajohan@yahoo.com |
| **Addisionele lid** | Maré Lourens | 078 451 1883 | mare.lourens@sasol.com |
| **Addisionele lid** | Johan Opperman | 082 779 1539 | johanoppermanbdw@gmail.com |
| **Addisionele lid** | Lappies Labuschagne | 082 065 8127 | Lappieslabuschagne72@gmail.com |
| **Senior Burger Verteenwoordiger** | Phillip Opperman | 082 779 3262 | wwvaswegen@gmail.com |

**SPORE** word uitgegee deur Luiperdsstreek van die SA Woonwa-Assosiasie (Sawa). Plasing van berigte, artikels of enige ander bydrae of advertensie impliseer nie dat dit noodwendig die standpunt van Sawa is nie. Kommentaar en ander redaksionele artikels word deur die Redakteur verantwoord.